


IN THIS ISSUE:

- Page 2 SU / Elsevier partnership
- Page 2 Nuwe bronne
- Page 3 Dokumentesentrum-lesing: Uys Krige
- Page 3 Library week 2010
- Page 3 Art exhibition in Africana
- Page 4 Facebook!

FROM THE SENIOR DIRECTOR'S OFFICE

At last 2010 is here. A year South Africa and the whole African continent have been waiting for with great anticipation - a year tipped to be full of possibilities and opportunities. For the Library and Information Service it promises to be a year of possibilities indeed. 2009 ended on a high note with the final approvals for the construction of the Learning Commons - the OSP project of the Library, *Access to Electronic Resources; student success and support for research*. 2010 started on a high note as well with the hosting of the Annual Library Symposium held at STIAS in February. It was with great joy and pride that we hosted the Symposium/IFLA Presidential Meeting this year - a personal highlight of my IFLA presidency to date. It would not have been possible without the outstanding work done by the Symposium Committee and the support and contributions from SU's Rector and Vice-Rector (Research).

But, the excitement did not stop here as you will read on page 2. The recently announced partnership agreement between SU and Elsevier will give Stellenbosch University students and staff access to a wealth of high quality content. Due to the financial commitment involved, Elsevier limits these kinds of partnerships to only a few select institutions in the world. Stellenbosch University is therefore fortunate to have been selected - it is a huge boost for the University and will assist in attaining its strategic research goals. Read also about a new atlas acquired by the Library and the successful presentation of the second Manuscripts Centre Lecture.

I hope you are as excited and enthusiastic as we are about the 'buzz' in the Library. Good progress is also being made with OSP building project in the JS Gericke Library - construction commenced in February 2010 and if all goes according to our very careful planning to avoid minimum inconvenience for clients - especially during the upcoming examination period, the Learning Commons will be completed by October 2010.

My best wishes for a successful academic year to all and keep your eyes on the ball in all our libraries!
Ellen R Tise

BIBLIOTEKESIMPOSIUM 2010

Die jaarlikse biblioteeksimposium wat in 2010 saamgeval het met die IFLA presidensiële vergadering, is in Februarie aangebied deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens. Hierdie prestige geleentheid het 'n aantal trotse hoogtepunte vir die Biblioteekdiens, sowel as die Universiteit Stellenbosch en die breër Suid-Afrikaanse biblioteek- en inligtingsgemeenskap, tot gevolg gehad.

Die geleentheid het baie internasionale belangstelling gelok en die Biblioteekdiens die kans gegun om aktief deel te neem aan professionele gespreksvoering binne die internasionale biblioteek- en inligtingsarena. Altesaam 193 professionele bibliotekarisse uit 21 verskillende lande het die simposium bygewoon.

Die tema, "Knowing is not enough: engaging in the Knowledge Economy", was internasionaal relevant en het beide stimulerende filosofiese debat, sowel as praktiese insigte tot gevolg gehad en interessante en soms uitdagende bydraes van sprekers en afgevaardigdes uitgelok. Terugvoer ontvang ná die simposium dui daarop dat 85% van deelnemers die tema en aanbiedinge uitstekend gevind het.

Onder die sprekers vanjaar was me. Naledi Pandor, minister van wetenskap en tegnologie, US rektor en vise-kanselier prof. Russel Botman en me. Ellen Tise, president van IFLA en senior direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens. Hierdie sprekers het elk noemenswaardig bygedra tot die omvang, kwaliteit en diepte van die simposium. Me. Pandor het beklemtoon dat dit belangrik is om die po-



Prof Russel Botman, me Naledi Pandor, me Ellen Tise

tensiaal van digitale inligting en kennis in Suid-Afrika en Afrika vas te vang, maar ook dat dit tragies sou wees indien 'n jongmens nooit 'n boek in sy hand sou vashou nie en het dit opgesom met die woorde: "I look to librarians to see that book knowledge thrives alongside digital knowledge".

Me. Pandor is bedank vir haar deelname aan die simposium deur die

oorhandiging van 'n baie spesiale geskenk aan haar deur prof. Arnold van Zyl, vise-rektor (navorsing). Hierdie geskenk is 'n genommerde afdruk van 'n beperkte oplaag van die 1570 Afrika-kaart, *Africae Tabula Nova* van Abraham Ortelius, die oudste item in die Hugh Solomon kaartversameling in die Africanaversameling van die JS Gericke Biblioteek.

Die jaarlikse simposium was vir die eerste keer nie oudergewoonte in die JS Gericke Biblioteek aangebied nie, maar wel by STIAS wat 'n uitstekende, moderne fisiese ruimte vir so 'n professionele byeenkoms gebied het. Danksy o.a. bydraes van borge was die sosiale geleentheid tydens die simposium ook van hoogstaande gehalte met 'n ete by Moyo Restaurant op die wynlandgoed Spier, as een van die hoogtepunte. Hier kon veral internasionale gaste Afrika gasvryheid in sy volle glorie beleef.

Ons dank en waardering aan alle rolspelers wat hierdie simposium 'n sukses gemaak het, insluitende me. Ellen Tise wat as IFLA president die presidensiële vergadering na Stellenbosch gebring het, asook die US bestuur wat die geleentheid ondersteun het.

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH ELSEVIER VENNOOTSAP

2010 blyk tot dusver 'n uiters opwindende jaar vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens te wees. Een van die hoogtepunte is die onlangse sluiting van 'n ooreenkoms tussen die Universiteit Stellenbosch en Elsevier, een van die wêreld se grootste uitgewers van wetenskaplike, tegniese en mediese inligting. Hierdie vennootskap sal die US se daadwerklike rol in die ontwikkeling van Suider-Afrika (en die vasteland in die algemeen) verder versterk – 'n noodsaaklike deel van die US se strewe na wetenskaplike uitnemendheid en verhoogde sigbaarheid in die internasionale wetenskaplike gemeenskap.

Vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens beteken dit 'n stel gereedskap wat hom in staat sal stel om sy akademiese ondersteuningsrol binne die groter US omgewing te versterk. Die Biblioteekdiens sal voortaan die volledige versameling gepubliseerde Elsevier-vaktydskrifte vanaf volume 1, uitgawe 1, sowel as die volledige Elsevier e-boekversameling van meer as 7000 titels aanhou. Dit sal aan personeel en studente ongeëwenaarde toegang verleen tot die volledige katalogus vorige elektroniese vaktydskrifte, e-boeke en ander naslaanwerke, wat 'n wye reeks publikasies oor geneeskunde, gesondheid en lewenswetenskappe, energie, ingenieurswese, inligtingstechnologie, wiskunde en sielkunde dek. Elsevier se bestuursinligting toon boonop 'n baie sterk verband tussen toegang tot beduidende elektroniese versamelings en 'n instelling se publikasieuitsette en sitaatvlakke.

Die vennootskap met Elsevier bied ook verder vir die US toegang tot raadplegende werksaamhede, soos werksessies oor navorsingsprestasie, graderingsontleding, en die ondersoek van finansieringsgeleenthede. Elsevier sal voorts prominensie verleen aan die US en sy Biblioteekdienste in 'n witskrif wat die resultate van 'n 'bewysgegronde e-boekmodel' sal vervat, sowel as deur die publikasie van die resultate van 'n gesamentlike studie oor die toekomstige rol van die bibliotekaris wat by 'n groot internasionale forum aangebied sal word. Kampusbedrywighede, soos outeurswerksessies, Chemie- en Neurowetenskap-werksvloei-geleenthede, en loopbaanwerksessies, sal Elsevier se kundigheid tot voordeel van studente en personeel van die Universiteit inspan. Bykomende aktiwiteite sluit Elsevier Scopus-databasisopleiding en -bewusmakings-aktiwiteite, en aanlynvasvrae vir studente in.

Personeel en studente het reeds 'n voor-smakie hiervan gehad met twee werksessies wat in Februarie in die JS Gericke Biblioteek aangebied is, o.a. ook as deel van die "GetWise" inligtingsgeletterdheidsprogram van die Biblioteek- en Inligtingsdiens. Die eerste sessie oor die publiseer van artikels in internasionale tydskrifte, getiteld "How to write a world class paper", is aangebied deur Arthur Eger van Elsevier en het die gehoor insae gegee in die manier hoe uitgewers, redakteurs en nasieners na manuskripte kyk, wat hulle kan help om beter artikels voor te lê. Hierdie sessie was uiters gewild en is deur

meer as 150 nagraadse studente en navorsers bygewoon in 'n stampvol auditorium. Baie positiewe terugvoer is van personeel en studente ontvang wat die sessie as nuttig en leersaam bestempel het.

Die tweede sessie was 'n opleidingsessie oor Elsevier bronne en hulpmiddels. Die bronne wat gedek is, is Science Direct, 'n databasis wat toegang bied tot ongeveer 2000 volteks elektroniese tydskrifte, asook Scopus, waarvan die nuutste ontwikkelinge binne hierdie gewilde databasis bespreek is. Die gratis Elsevier hulpmiddel '2collab' is ook bespreek. '2collab' maak dit vir navorsers moontlik om meer effektief saam te werk en om inligting aanlyn te deel en te ondersoek. Hierdie sessie is deur ongeveer 40 persone bygewoon. Personeel en studente sal deur die loop van die jaar aangemoedig word om verdere sessies by te woon wat deur middel van die US Elsevier vennootskap moontlik gemaak word om hulself as vooraanstaande navorsers te ontwikkel en te bemagtig.



ELSEVIER

NEW HISTORICAL ATLAS FOR LIBRARY

An awe-inspiring new set of atlases was recently acquired for the Library and Information Service. The *Comprehensive Atlas of the Dutch East India Company* currently consists of five volumes, each weighing an impressive 12 kilograms and measuring 42 x 58 cm.

This comprehensive series, published by Atlas Maior Publishers in co-operation with Royal Dutch Geographical Society, the

Netherlands National Archives and Utrecht University, will consist of seven volumes, once completed.

The work covers all settlements and territories under the Charter of the Dutch United East India Company (VOC, 1602-1799), and its composition is based on excellent facsimiles of manuscript maps, town plans, and topographical pictures from the collections in the Netherlands

National Archives and various other VOC archives. The quality of the printing in the atlas is quite astonishing and makes it possible for researchers to study these facsimiles in great detail.

Volume 5 is of significant value as this specific volume deals with Africa. A second copy of volume 5 was thus purchased for the Africana collection in the JS Gericke Library.



DOKUMENTESENTRUM VIER 100 JAAR UYS KRIGE

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het in Februarie hierdie jaar die tweede aflewering in die gewilde Dokumentesentrumlesingreeks tydens die *Woordfees* aangebied. Vanjaar se aanbieding, getiteld “Uys Krige in ons binnekring” het die honderdjarige herdenking van hierdie geliefde en veelsydige skrywer gevier.

Die Dokumentesentrum was uiters bevoorreg om Krige se dogter, Eulalia (foto regs bo), asook sy susterskind, die gevierde aktrise Grethe Fox (foto regs onder), as sprekers te hê, en om sestien lede van die Krige-familie in die gehoor te hê. Eulalia en Grethe was met groot entoegasie in gesprek met die joernalis Amanda Botha en het aan die hand van stories, staaltjies en voorlesings vir die gehoor ’n bevoorregte, intieme blik op die lewe van Uys Krige gegee. Nie net die lewenslustige “borrelende woordfontein” nie, maar ook die meer ernstige Krige het gestalte gekry tydens dié gesprek.

Na afloop van die gesprek wat plaasgevind het in die auditorium van die JS Gerike Biblioteek, is gaste na die Dokumentesentrum genooi vir versnaperings en ’n kykie na die Uys Krige-dokumentversameling, begelei deur prof JC Kannemeyer, bekende Krige-biograaf.

Die Dokumentesentrum is sedert 1988 die tuiste van die omvattende Uys Krige-dokumenteversameling wat oor die 14 meter rakruimte beslaan. Die versameling is volledig ontsluit en ’n driedelige katalogus en indeks maak dit toeganklik vir navorsers. Deur middel van die uitstalling kon lede van die publiek die geleentheid kry om te sien hoe iets van die skrywer se wese hom ook in sy nagelate dokumente manifesteer. ’n Kenmerkende tikkie “Uys-geit” is regdeur sy versameling te bespeur in die pakke handgeskrewe manuskripte, duisende briewe, gehawende aantekeningboeke, dagboeke, kaartjies en foto’s waaruit die versameling bestaan.

Die Dokumentesentrum beskou vanjaar se lesing as ’n reuse sukses. Kaartjies vir die aanbieding was blitsvinnig uitverkoop en baie positiewe terugvoer is van die publiek ontvang. Daar is ook onlangs van die Woordfeeskantoor verneem dat “Uys Krige in ons binnekring” gereken word as een van die top vyf aanbiedinge van vanjaar se *Woordfees*, ’n pluimpie waarop die Biblioteekdiens uiters trots is.

Foto’s: Jacques Ensink



LIBRARY WEEK 2010

South African National Library Week was celebrated this year from 22 to 27 March with the theme “Reading changes lives”. Despite coinciding with the very busy and short first week of the second term, the Library and Information Service brought the focus of National Library Week to campus with a Library Week programme.

One of the highlights of the programme was a book talk presented by well-known Afrikaans writers Daniel Hugo and his wife, Carina Diedericks-Hugo. Daniel, a poet and translator and Carina, an author of children’s books, discussed their own writing and reading experiences and illustrated with examples how reading have changed lives in their experience.

In keeping with the theme of “Reading changes lives” the Library and Information Service also launched a ‘favourite book’ blog titled “Bookworm” during Library Week. Clients and staff are invited to contribute posts on books that have made an impact on their lives.

This blog will remain a permanent feature on the library’s webpage and can be accessed at <http://blogs.lib.sun.ac.za/bookworm/>.

Another activity which was presented during Library Week was an online quiz on the electronic resource, Scopus, where students stood a chance of winning an 8GB iPod nano by answering a few questions on the resource. Scopus is a large abstract and citation database of peer-reviewed literature to which the Library and Information Service subscribes. It provides quality web sources with smart tools to track, analyze and visualize research and includes tools to sort, refine and quickly identify results.

As in previous years there was once again an exemption of fines for overdue books during Library Week, and to make visiting the library even more attractive, a selection of ‘freebies’ sponsored by world leading publisher Elsevier, was on offer to promote usage of their resources.

TRANSGRESSIONS AND BOUNDARIES OF THE PAGE



Axis Mundi: Tree of sorrow / Tree of joy by Stephan Erasmus

During the week of 1-7 March 2010, as part of the Stellenbosch *Woordfees* programme, the Library and Information Service hosted an exhibition of artists' books titled "Transgressions and boundaries of the page". The exhibition was presented by North-West University, one of many institutions involved in the larger creative project and investigation into artists' books.

The eye-catching exhibition was housed in the Africana section of the JS Gericke Library and created quite a stir. Before entering the stately Africana room, one was met by giant heap of what looked like crumpled pages. This "mess" was in fact one of the artworks exhibited and lured many curious clients inside to explore the exhibition further.

Once inside the room it was difficult to

distinguish whether the Africana room was transferred to an art gallery, or whether the artworks themselves became part of the Africana collection, as the exhibition blended in perfectly with its surroundings of endless shelves stacked with 'traditional' books.

Artists' books are of course far from 'traditional' and in fact challenge all the conventions of the book as we know it. They are usually produced by artists as visual art objects and judging by the approximately 40 works exhibited, every artist had his or her own idea of how far to push the boundaries of the page.

One of the highlights of the exhibition which illustrated perfectly how the conventions of the book can be challenged, was a work by Stephan Erasmus titled "Axis

Mundi: Tree of sorrow / Tree of joy". Comprising of love poems woven into the shape of a tree, the work had all the traditional elements of a book, i.e. spine, covers, paper and text, but yet it is not something any of us would normally recognise as a book.

Many other works also caught the eye, such as a table set for twelve with ceramic dinner plates covered in text, a Venda folk tale embroidered on cloth, and a scroll with the astonishing dimensions of 20 cm by 18 meters! Each of the artworks was accompanied by an information sheet explaining the concept behind the "book". A DVD of the entire project will be produced later this year and will be available in the general audiovisual collection of the JS Gericke Library. For more information the project's website can be visited at www.bookboek.co.za.



Detail from Leora Farber's The futility of writing 24-page letters

LIBRARY LIVE ON FACEBOOK

The Library and Information Service recently created its own Facebook profile. There has been a lot of debate lately about libraries utilising social software. Questions such as "does a Facebook profile hold any benefits for the library" and "do students really want us as a presence in their social realm" have been discussed at length. Recent literature on the subject

suggests however that more and more libraries and librarians worldwide are using Facebook with great success. A recent survey on social software in libraries by the Association of Research Libraries in the USA, suggests that the main goals for libraries using social networking tools are "to connect staff with users, users with users, and staff with staff to share infor-

mation, market library services and facilitate communication". Stellenbosch University itself seems to be reaching many students with its own Facebook profile and currently has more than 6000 registered 'fans'. Follow our progress by clicking on the Facebook link on our homepage at www.sun.ac.za/library.

